Terwyl bogenoemde syfers op die jare geëindig 30 Junie betrekking het, dui sulke inligting as wat tans beskikbaar is daarop dat, ook op 'n kalenderjaarbasis, die netto volksinkome sowel as die bruto volksproduksie tot 'n nuwe hoogtepunt in 1955 gestyg het. Boonop toon baie voorlopige skattings aan dat wat die uitgawekant van die nasionale rekeninge betref, daar 'n verdere toename in 1955 in verbruik sowel as in bruto binnelandse kapitaalvorming was, alhoewel die koers van toename van 1954 tot 1955 heelwat laer was as dié van 1953 tot 1954. Aangesien die Unie se netto lopende tekort teenoor die buiteland slegs 'n klein verandering van 1954 tot 1955 ondergaan het, wil dit dus ook voorkom asof bruto binnelandse besparing in 1955 verder toegeneem het.

PRODUKSIE EN WERKVERSKAFFING

Landbou:

Volgens die jongste voorlopige skattings van die Afdeling Ekonomie en Marke het die brutowaarde van die landbouproduksie wat van £322 miljoen in 1952/53 tot £345 miljoen in 1953/54 toegeneem het, tot ongeveer £335 miljoen in 1954/55 gedaal.

Die afname van ongeveer £10 miljoen van 1953/54 tot 1954/55 is hoofsaaklik teweeggebring deur afnames in die waarde van die produksie van mielies en wol. Terwyl in die geval van mielies, beide die waarde en die hoeveelheid geproduseer afgeneem het, nl. van £60 miljoen tot £54 miljoen, en van 39.0 miljoen tot 36.4 miljoen sak, onderskeidelik, was die afname van £60 miljoen na £55 miljoen in die geval van wol aan 'n daling in wolpryse te wyte aangesien die hoeveelheid geproduseer in werklikheid toegeneem het van 251.2 miljoen tot 273.4 miljoen lb. Geoordeel volgens hierdie syfers asook die feit dat die gemiddelde maandelikse gekombineerde prysindeks van landbouprodukte gedurende hierdie tydperk met omtrent 8 persent afgeneem het, vergeleke met 'n daling van ongeveer 3 persent in die brutowaarde van produksie, wil dit voorkom asof daar 'n aansienlike toename in dié fisiese omvang van die landbouproduksie van 1953/54 tot 1954/55 was.

Daar moet op gelet word dat die syfers wat hierbo aangehaal is op die jare geëindig 30 Junie en nie op die kalenderjare 1954 en 1955 waarvoor inligting nie beskikbaar is nie, betrekking het.

Mynbou:

Voorlopige syfers toon aan dat die Unie se minerale produksie, met uitsluiting van steengroefprodukte maar met insluiting van uraanuitvoere,*

* P.oduksiesyfers vir uraan is nie beskikbaar nie.

tot 'n nuwe hoogtepunt van ongeveer £283 miljoen in 1955 gestyg het, vergeleke met ongeveer £244 miljoen in 1954 en £215 miljoen in 1953. Van die toename van ongeveer £39 miljoen van 1954 tot 1955, was goud en uraan vir nie minder as £18 miljoen en £15 miljoen, onderskeidelik, verantwoordelik nie.

Goudproduksie in die Oranje-Vrystaat het toegeneem van 1,096,000 fyn onse in 1954 tot ongeveer 2,141,000 fyn onse in 1955, terwyl dié in die res van die Unie toegeneem het van 12,141,000 tot 12,460,000 fyn onse. Die Unie se totale goudproduksie het derhalwe van 13,237,000 fyn onse in 1954 tot 14,601,000 fyn onse in 1955 toegeneem, en aangesien die gemiddelde offisiële prys wat vir goud ontvang is van ongeveer 248s. 9½d. tot ongeveer 250s. 3½d. gestyg het, het die waarde van produksie toegeneem van £164.7 miljoen tot £182.7 miljoen.


Steenkoolverkope het van 31,302,000 ton in 1954 tot die nuwe hoogtepunt van 32,643,000 ton in 1955 gestyg, of in terme van waarde, van £16.3 miljoen tot £16.9 miljoen, terwyl die waarde van koperverkope toegeneem het van £9.8 miljoen tot £12.4 miljoen, alhoewel die hoeveelheid verkoop afgeneem het van 49,100 tot 47,800 ton. Die verkope van alle ander onedele minerale tesame het van £17.6 miljoen tot £20.2 miljoen gestyg, dié van edele metale (met uitsluiting van goud en uraan) van £7.3 miljoen tot £7.7 miljoen, terwyl dié van diamante afgeneem het van £13.2 miljoen tot £13.1 miljoen, of van 2,891,000 tot 2,633,000 metriese karaat.

Wat die fisiese omvang van minerale produksie betref, dui voorlopige berekenings aan dat die produksie van edele metale, hoofsaaklik goud en uraan, met ongeveer 19 persent toegeneem het, dié van onedele metale met ongeveer 5 persent en dié van nie-metaalhoudende onedele minerale met ongeveer 14 persent. Aan die ander kant het die produksie van diamante met ongeveer 10 persent gedaal sodat die totale fisiese omvang van minerale produksie met ongeveer 16 persent gestyg het.


Indiensneming in die mynwyse het 'n verdere verbetering in 1955 getoon. Die gemiddelde maandelikse indeks* van werkverskaffing in die goudmynbedryf wat van 105 in 1953 tot 113 in 1954 gestyg het, het in 1955 verder tot 117 toegeneem, terwyl die indeks van totale werkverskaffing in die mynbou nadat dit van 112 in 1953 tot 118 in 1954 gestyg het, tot 120 in 1955 toegeneem het. Soos uit die onderstaande grafiek blyk, was die maandelikse indeks egter betreklik konstant gedurende die eerste helfte van 1955, terwyl die neiging gedurende die tweede helfte van die jaar effens afwaarts was, vergeleke met 'n stygende tendens gedurende 1954.

* Tensy anders aangedui, is al die indekse wat in hierdie oorsig vermeld word, op die basis 1948 = 100 gebaseer.

WERKVERSKAFFING



PRODUKSIE



Volumeindekse (1948 = 100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

Fabriekswese:

Werkverskaffing in die fabriekswese het 'n verdere toename in 1955 getoon en die indeks het tot ongeveer 128 gestyg, vergeleke met 125 in 1954 en 123 in 1953. Soos egter van die bostaande grafiek opgemerk sal word, was die maandelikse indeks betreklik konstant gedurende 1955, vergeleke met 'n opwaartse beweging gedurende 1954.


Wat fabrieksproduksie betref, is daar geen omvattende gegewens vir die jongste tyd beskikbaar nie, maar geoordeel volgens die toename in werkverskaffing sowel as die toename in die Unie se groothandelprijs, wil dit voorkom asof daar 'n verdere aansienlike styging in die waarde van fabrieksproduksie in 1955 was.

Elektrisiteit:

Bostaande grafiek toon aan dat die indeks van elektriese stroom opgewek gedurende 1955 teen ongeveer dieselfde koers as gedurende 1954 aanhou styg het. Die gemiddelde maandelikse indeks, wat van 143 in 1953 tot 158 in 1954 gestyg het, het in 1955 tot die nuwe hoogtepunt van 179 toegeneem.

Boubedryf:

Die indeks van die waarde van bouplanne goedgekeur in die agtien vernaamste stede van die Unie het toegeneem tot 150.7 in 1955, vergeleke met 142.3 in 1954 en 124.1 in 1953, terwyl dié van die waarde van geboue begin ook toegeneem het, nl. tot 167.5 in 1955, vergeleke met 154.6 in 1954 en 142.3 in 1953. Soos uit die onderstaande grafiek opgemerk sal word, het die waarde van bouplanne goedgekeur op 'n maandbasis egter hewige skommelings gedurende 1955 getoon, met 'n skerp dalende neiging gedurende die tweede helfte van die jaar. Ooreenstemmende bewegings is getoon deur die maandelikse indekse van geboue begin en werkverskaffing in die boubedryf, sodat dit wil voorkom asof boubedrywigheid gedurende die tweede helfte van 1955 aan die afneem was.



BUITELANDSE HANDEL*

Beide die Unie se invoere en uitvoere het nuwe hoogtepunte in 1955 bereik.

Ten gevolge van 'n aansienlike verslapping van invoerbeheer het die Unie se invoere toegeneem tot ongeveer £485 miljoen in 1955, vergeleke met £437 miljoen in 1954 en £423 miljoen in 1953. Terwyl die invoersyfers volgens gebied nog nie vir die jaar 1955 beskikbaar is nie, wil dit voorkom uit die inligting wat vir die eerste tien maande beskikbaar is, asof invoere vanaf die dollargebied gedurende 1955 die grootste toename getoon het, alhoewel daar ook toenames was in die invoere vanaf die sterlinggebied en vanaf ander nie-sterlinglande.

Soos uit die bostaande grafiek opgemerk sal word, het invoere, met uitsluiting van seisoensbewegings, gedurende 1955 heelwat geskommel, maar 'n effense opwaartse neiging getoon vergeleke met 'n dalende neiging gedurende 1954.

Teenoor die styging van ongeveer £48 miljoen in invoere in 1955, het goedereuitvoere, met uitsluiting van goud en skeepsvoorrade, met ongeveer £37 miljoen toegeneem, nl. van ongeveer £323 miljoen in 1954 tot ongeveer £360 miljoen in 1955. Van hierdie toename was ongeveer £15 miljoen toe te skrywe aan uraan, £5 miljoen aan diamante, £4 miljoen aan looderts, £2 miljoen aan vrugte en £2 miljoen aan mielies. Aan die ander kant het woluitvoere 'n daling van omtrent £3 miljoen getoon.


Soos uit die bostaande grafiek opgemerk sal word, het goedereuitvoere, op 'n maandbasis gereken en met uitsluiting van seisoensbewegings, 'n sterker opwaartse neiging gedurende 1955 as gedurende 1953 en 1954 getoon.

BINNELANDSE HANDEL

Geoordeel volgens die beskikbare indekse vir Johannesburg, Pretoria, Kaapstad, Oos-Londen en Durban, wil dit voorkom asof beide die waarde en

fisiese omvang van kleinhandelsverkope in 1955 hoër was as in 1954. Dit blyk uit die onderstaande grafiek waarop die gesamentlike indekse vir die vyf gebiede getoon word. In die geval van die waarde van omset, wil dit voorkom asof die opwaartse beweging gedurende die tweede helfte van 1954, voortgesit is gedurende die eerste helfte van 1955, maar dat die maandelikse indekse gedurende die tweede helfte van 1955 op 'n konstante peil beweeg het. In die geval van die fisiese omvang van omset, wil dit voorkom asof die verdere opwaartse beweging gedurende die eerste helfte van 1955, deur 'n effense afwaartse neiging gedurende die tweede helfte van die jaar gevolg is.

Dit moet egter in gedagte gehou word dat die bogenoemde gesamentlike indekse op beperkte monsters gebaseer is wat slegs op die genoemde vyf gebiede betrekking het.



Indekse (1948=100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

SPOORWEGVERVOER

Spoorweginkomste het 'n verdere aansienlike styging in 1955 getoon en die gemiddelde maandelikse indekse het tot 197 toegeneem, vergeleke met 179 in 1954 en 155 in 1953. Van die bostaande grafiek sal dit egter opgemerk word, dat, ná die skerp opwaartse beweging gedurende die tweede helfte van 1954, die maandelikse indekse gedurende 1955 heelwat geskommel en geen duidelike op- of afwaartse neiging getoon het nie.

In die geval van die indekse van totale tonmyle van inkomstedaende vervoer, is die syfers vir die laaste kwartaal van 1955 nog nie beskikbaar nie, maar, soos blyk uit die bostaande grafiek, was die gemiddelde maandelikse indeks hoër in 1955 as in 1954, terwyl dit ook wil voorkom asof die opwaartse beweging gedurende 1954, in 1955 voortgesit is.

RENTEKOERSE

Die rentekoersstruktuur het 'n aansienlike styging gedurende 1955 ondergaan, veral gedurende die tweede helfte van die jaar, en dié opwaartse beweging is gedurende die eerste paar maande van 1956 voortgesit.

* Weens aansuiwerings wat vir betalingsbalansdoeleindes gemaak word, verskil die in- en uitvoersyfers wat hier aangehaal word ietwat van dié wat deur die Departement van Doeane en Aksyns gepubliseer word.

Ná die verhogings in die Britse bankkoers vanaf 3 tot $3\frac{1}{2}$ persent op 27 Januarie 1955 en tot $4\frac{1}{2}$ persent op 24 Februarie 1955, het die Unie besluit om, in die lig van o.a. die betreklike sterk en gesonde interne finansiële toestand, nie die plaaslike Bankkoers van 4 persent wat sedert Maart 1952 onveranderd gebly het te verhoog nie. Op 2 Maart 1955 egter, is die koerse vir skatkisbewyse en vir daggelddeposito's by die Nasionale Finansiële korporasie met $\frac{1}{2}$ persent verhoog weens die hoër ooreenstemmende koerse op die Londense geldmark en om 'n moontlike aansienlike uitvloeï van fondse na Londen te verhoed. Dus het die koers op skatkisbewyse met 'n looptyd van drie maande van $1\frac{15}{16}$ tot $2\frac{7}{16}$ persent toegeneem, dié op bewyse met ses maande looptyd van 2 tot $2\frac{1}{2}$ persent en dié op bewyse met twaalf maande looptyd van $2\frac{1}{4}$ tot $2\frac{5}{8}$ persent, terwyl die koers op daggelddeposito's by die N.F.K. toegeneem het van $1\frac{7}{8}$ tot $2\frac{1}{8}$ persent. Boonop het die Reserwebank sy rentekoerspatroon vir opemarktransaksies in Staatseffekte met 'n looptyd tot 4 jaar verhoog, terwyl op 4 Maart 1955 die handelsbanke hulle koerse op vaste deposito's met $\frac{1}{2}$ persent in die geval van drie en ses maande deposito's en met 1 persent in die geval van twaalf maande deposito's verhoog het.

Op 18 Mei 1955, is die rentekoerspatroon vir Staatseffekte met 'n looptyd tot 2 jaar verder verhoog, en op 1 Junie is dit gevolg deur 'n verhoging van $\frac{1}{8}$ persent in die koerse op skatkisbewyse van drie en ses maande, en in die handelsbanke se koers op drie maande vaste deposito's.

Aangesien geldkoerse in die Verenigde Koninkryk en in 'n aantal ander lande 'n verdere opwaartse beweging in die derde kwartaal van 1955 getoon het, het die Unieregering op 29 September besluit om die koerse op skatkisbewyse van drie en ses maande met 'n verdere $\frac{1}{2}$ persent te verhoog, nl. tot 3 en $3\frac{1}{8}$ persent, onderskeidelik, terwyl die N.F.K. ook sy koers op daggelddeposito's van $2\frac{1}{4}$ tot $2\frac{7}{8}$ persent verhoog het. Op dieselfde datum het die Suid-Afrikaanse Reserwebank die Bankkoers van 4 tot $4\frac{1}{2}$ persent verhoog en „nadat hy hom vir 'n tydperk weerhou het van opemarktransaksies met die doel om die mark te toets en toe te laat dat rentekoerse hulle eie peil vind, het die Bank besluit om weer in die mark op te tree en sodoende 'n geordende opwaartse aanpassing van rentekoerse te verseker". Gevolglik is die Bank se rentekoerspatroon vir Staatseffekte met 'n looptyd tot 5 jaar verhoog met $\frac{1}{2}$ persent, dié vir effekte met 'n looptyd van tussen 5 en 9 jaar met $\frac{3}{8}$ persent, en dié vir effekte met 'n looptyd van meer as 9 jaar met $\frac{1}{4}$ persent. Op 18 November 1955, is die koerse vir alle effekte met 'n looptyd van meer as 5 jaar verder met $\frac{1}{8}$ persent verhoog.

Ná die verhoging in die Bankkoers op 29 September, het die handelsbanke op 1 Oktober gevolg deur hulle minimumkoers op oortrekkings van $5\frac{1}{2}$ tot 6 persent, hulle koers op vaste deposito's van drie

maande van $2\frac{5}{8}$ tot $3\frac{1}{8}$ persent, en hulle koers op vaste deposito's van ses maande van $2\frac{1}{4}$ tot $3\frac{1}{4}$ persent, te verhoog, terwyl in die geval van vaste deposito's van twaalf maande hulle koers van 4 persent van toepassing gemaak is op deposito's tot £50,000 i.p.v. tot £25,000 soos voorheen, en $3\frac{1}{2}$ persent gekwoteer is vir bedrae bo £50,000. Hierdie grens van £50,000 is egter verder tot £100,000 op 22 Desember 1955 verhoog.

As gevolg van hierdie verhogings, het die Bouverenigings* besluit om vanaf 1 Januarie 1956 hulle koerse op vaste deposito's te verhoog van 4 tot $4\frac{1}{2}$ persent in die geval van deposito's van 12 tot 17 maande en van $4\frac{1}{2}$ tot 5 persent in die geval van deposito's van 18 maande en meer, terwyl die koerse op hulle aandeel ook met $\frac{1}{2}$ persent verhoog is. 'n Maand later, op 1 Februarie 1956, het die handelsbanke hulle koers op vaste deposito's van twaalf maande verhoog tot $4\frac{1}{2}$ persent vir bedrae tot £100,000 en $3\frac{3}{4}$ persent vir bedrae daarbo, en op 17 Februarie 1956 is dit gevolg deur 'n verdere verhoging van $\frac{1}{4}$ persent in die koerse vir skatkisbewyse van drie en ses maande en op daggelddeposito's by die N.F.K. Op dieselfde datum is 'n verdere verhoging aangebring in die Reserwebank se rentekoerspatroon vir Staatseffekte, en op 22 Februarie 1956 het die handelsbanke ook hulle koerse op drie en ses maande vaste deposito's met 'n verdere $\frac{1}{4}$ persent verhoog.

Ter opsomming dus, het die koers op skatkisbewyse met 'n looptyd van drie maande bv. van $1\frac{15}{16}$ persent aan die end van 1954 tot $3\frac{1}{4}$ persent teen die end van Februarie 1956 toegeneem, dié op skatkisbewyse met ses maande looptyd van 2 tot $3\frac{1}{8}$ persent, en dié op daggelddeposito's by die N.F.K. van $1\frac{7}{8}$ tot $3\frac{1}{8}$ persent. Gedurende dieselfde tydperk, het die Reserwebank se rentekoerspatroon vir Staatseffekte toegeneem van $3\frac{1}{4}$ tot 4 persent vir 4-5 jaar effekte, van 4 tot $4\frac{1}{2}$ persent vir 9-11 jaar effekte, en van $4\frac{1}{2}$ tot $4\frac{3}{4}$ persent vir effekte met 'n looptyd van meer as 15 jaar.

Tenslotte, om die prentjie af te rond, moet melding gemaak word van die verhoging op 1 Maart 1956 van die koers vir spaarbankdeposito's by die bouverenigings en die handelsbanke van 3 tot $3\frac{1}{2}$ persent.

BETALINGSBALANS

Alhoewel invoerbeheer aansienlik verslap is, het die Unie se netto lopende tekort teenoor die buiteland 'n klein vermindering in 1955 vergeleke met 1954 getoon as gevolg, eerstens, van die sterk styging in goedereuitvoere en, tweedens, van die verhoogde goudproduksie. Aan die ander kant was die netto toevloei van buitelandse kapitaal aansienlik laer in 1955, sodat die land se goud- en buitelandse valuta-besit heelwat gedaal het, vergeleke met 'n skerp styging gedurende 1954.

Soos hierbo onder die hoof „Buitelandse Handel” aangetoon, het invoere van £437 miljoen in 1954

* Bouverenigings kwoteer nie almal dieselfde koerse nie en slegs die oorheersende koerse word na verwys.

tot ongeveer £485 miljoen in 1955 gestyg, en uitvoere (uitgesonderd goud en skeepsvoorrade) van £323 miljoen tot omtrent £360 miljoen, sodat die land se handelstekort met ongeveer £11 miljoen toegeneem het, nl. van £114 miljoen tot £125 miljoen. Boonop dui voorlopige skattings daarop dat die Unie se netto onsigbare betalings met ongeveer £5 miljoen toegeneem het, maar aangesien die netto goudproduksie met omtrent £18 miljoen gestyg het, het die netto lopende tekort teenoor die buiteland in werklikheid met sowat £2 miljoen afgeneem, nl. van £30 miljoen in 1954 tot ongeveer £28 miljoen in 1955.

Gedurende 1955 het die Reserwebank se goud- en buitelandse valutareserwes van £147.8 miljoen tot £129.0 miljoen gedaal, d.w.s. met omtrent £19 miljoen, terwyl die buitelandse valutabesit van die handelsbanke en die Unie-regering ook met ongeveer £1 miljoen afgeneem het. Word hierdie totale afname van omtrent £20 miljoen in die reserwes vergelyk met die netto lopende tekort van omtrent £28 miljoen, dan wil dit voorkom asof die totale netto toevloei van buitelandse kapitaal ongeveer £8 miljoen in 1955 beloop het. In dié verband is dit bekend dat die netto ontvangste van kapitaal in die vorm van offisiële lenings ongeveer £13 miljoen beloop het, aangesien die Unie sowat £5 miljoen in die vorm van 'n Hollandse lening ontvang het, 'n dollarlening van omtrent £9 miljoen in die V.S.A. aangegaan het, en omtrent £1 miljoen netto teen die I.B.H.O.-lenings getrek het, maar, aan die ander kant, omtrent £2 miljoen van die dollarlening van £4 miljoen wat in 1951 van 'n groep Amerikaanse banke ontvang is, terugbetaal het. Dus, indien die feit dat die banke se korttermyn verpligtings teenoor die buiteland met omtrent £2 miljoen afgeneem het, ook in aanmerking geneem word, wil dit voorkom asof die Unie 'n netto uitvloei van private kapitaal, insluitende handelskrediete, van omtrent £3 miljoen in 1955 ondervind het.

Wat laasgenoemde betref, is dit egter bekend dat netto ontvangste in die vorm van uraan- en ander geïdentifiseerde private lenings ongeveer £14 miljoen beloop het, sodat dit wil voorkom asof daar 'n netto uitvloei van ongeïdentifiseerde private kapitaal van omtrent £17 miljoen was, wat byna geheel uit sterling bestaan het en wat hoofsaaklik gedurende die tweede en vierde kwartale van die jaar plaasgevind het. Op die vraagstuk tot welke mate hierdie netto uitvloei van kapitaal bestaan het uit handelskrediete wat aan buitelandse kopers toegestaan is of uit ontvangste vir uitvoere wat in die buiteland teruggehou is, teenoor die werklike oorplasing of terugtrekking van fondse vanuit die Unie, is ongelukkig geen inligting beskikbaar nie. Die hoër rentekoerse in Londen het ongetwyfeld Unie-fondse na daardie mark getrek, maar, geoordeel volgens die afname in plaaslike effektebeurspryse, wil dit voorkom asof die grootste deel van die netto uitvloei te wyte was aan die verkoop van Suid-Afrikaanse goudmynaandele deur inwoners van die Verenigde Koninkryk.

GELD IN OMLOOP

Alhoewel die gemiddelde maandelikse hoeveelheid geld in omloop in die Unie in 1955 tot ongeveer £447 miljoen gestyg het, vergeleke met £437 miljoen in 1954 en £430 miljoen in 1953, was daar in werklikheid 'n aansienlike afname gedurende die jaar 1955. Nadat dit van £444 miljoen aan die end van 1953 tot £471 miljoen aan die end van 1954 toegeneem het, het die bedrag in omloop tot ongeveer £449 miljoen aan die end van 1955 gedaal.

Die afname van ongeveer £22 miljoen gedurende 1955, wat uit afnames van ongeveer £15 miljoen en £7 miljoen in die bedrae gehou deur die private sektor en die Regering, onderskeidelik, bestaan het, het plaasgevind niteenstaande 'n styging van ongeveer £46 miljoen in bankkrediet, en was hoofsaaklik die gevolg van twee faktore, nl., 'n verdere verskuiwing van ongeveer £44 miljoen vanaf onmiddellik opeisbare na termyndeposito's by die handelsbanke, en 'n daling van ongeveer £20 miljoen in die land se goud- en buitelandse valutareserwes.

Met betrekking tot die styging van £46 miljoen in bankkrediet gedurende die jaar, het Reserwebankkrediet met £17 miljoen en handelsbankkrediet met £29 miljoen toegeneem. Die toename in Reserwebankkrediet het grootliks bestaan uit skatkisbewyse wat vir die Nasionale Finansiële korporasie en die handelsbanke verdiskonteer is, terwyl die styging in handelsbankkrediet die netto resultaat was van toenames, aan die een kant, van £34 miljoen in die banke se diskonteringe en voorskotte en £5 miljoen in hulle saldo's by die Nasionale Finansiële korporasie, en 'n afname, aan die ander kant, van ongeveer £10 miljoen in hulle beleggings.

In verband met die styging in die handelsbanke se diskonteringe en voorskotte, sal dit van die onderstaande grafiek opgemerk word dat, met uitsluiting van seisoensbewegings, die styging hoofsaaklik gedurende die eerste vier maande van die jaar plaasgevind het, waarna daar geringe dalings in Mei en Junie was. Gedurende die derde kwartaal van die jaar, nadat die Reserwebank die handelsbanke versoek het „om 'n verdere netto uitbreiding van hulle totale voorskotte en diskonterings te vermy en in die besonder hulle verpligtings in verband met die finansiering van huurkoop- en ander konsumpsiekrediet en ook in verband met die voorsiening van vaste kapitaal vir doeleindes van produksie of distribusie te beperk” was daar 'n verdere afname, en alhoewel dit gevolg is deur 'n styging in die vierde kwartaal, het die indeks aan die end van Desember geen netto toename oor die hoë punt wat in April bereik is, getoon nie.


Wat rentedraende deposito's betref, wat nie by die geldhoeveelheid ingesluit word nie, maar wat verwant is aan geld, het die handelsbanke se vaste en spaardeposito's, soos reeds gemeld, met ongeveer £44 miljoen gedurende 1955 gestyg. Boonop het deposito's by Permanente Bouverenigings met

omtrent £15 miljoen toegeneem, terwyl hulle aandeelkapitaal met omtrent £23 miljoen gestyg het. Aan die ander kant, het deposito's by die Nasionale Finansiële korporasie (met uitsluiting van dié van banke) met ongeveer £20 miljoen gedaal.

HANDELSBANKE: DISKONTERINGE EN VOORSKOTTE



BANK- DEBETTE



Waardeindekse (1948=100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

BANKDEBETTE

Die indeks van bankdebette, wat debette teen Regeringsrekenings by die banke uitsluit, het in 1955 tot 188 toegeneem, vergeleke met 172 in 1954 en 156 in 1953. Uit die bostaande grafiek sal opgemerk word dat, met uitsluiting van seisoenskommelings, die neiging in die maandelikse indekse nog opwaarts was gedurende 1955, maar dat die koers van toename heelwat laer was as gedurende 1954. Van Desember 1954 tot Desember 1955 was die toename slegs gelyk aan die styging in groothandelspryse.


Die verdere styging in bankdebette in 1955 het veroorsaak dat die indeks van die omloopsnelheid van die geldhoeveelheid in private besit tot 210 toegeneem het, vergeleke met 187 in 1954 en 171 in 1953.

GOEDEREPRYSE


Verdere toenames het in die gemiddelde maandelikse indekse van totale groot- en kleinhandelspryse in 1955 plaasgevind.

Die gemiddelde maandelikse indekse van groothandelspryse vir alle goedere wat van 149.3 in 1953 tot 150.4 in 1954 toegeneem het, het in 1955 tot 155.2, d.w.s. met 3.2 persent, gestyg, wat toenames

GROOTHANDELS- PRYSE



KLEINHANDELS- PRYSE



Indekse (1948=100)

van 4.9 persent in die indeks van Uniegoedere en 1.1 persent in dié van invoergoedere weerspieël. Soos blyk uit die bostaande grafiek, het die indeks van Uniegoedere gedurende die eerste nege maande van die jaar aansienlik gestyg, maar toe gedurende die res van die jaar konstant gebly, terwyl die indeks van invoergoedere oor die hele jaar betreklik stabiel gebly het.


In die geval van kleinhandelspryse het die gemiddelde maandelikse indeks gestyg tot 136.7 in 1955, vergeleke met 132.5 in 1954 en 130.2 in 1953. Van Desember 1954 tot Desember 1955 het die styging 1.9 persent beloop, en, soos uit die bostaande grafiek blyk, was dit hoofsaaklik die gevolg van verdere toenames in die indekse van voedsel en „ander” poste, aangesien die indeks van klerasie betreklik stabiel gebly het. Die toename in die indeks van „ander” poste, op sy beurt, was hoofsaaklik te wyte aan 'n styging in huishuur. Daar moet egter op gelet word dat, net soos in die geval van groothandelspryse, die styging in die indeks van totale kleinhandelspryse hoofsaaklik tot die eerste drie kwartale van die jaar beperk was. Geringe dalings het in werklikheid voorgekom in November en Desember, sowel as in Januarie 1956.

AANDELEBEURSTRANSAKSIES


Ná die sterk herlewing in die bedrywigheid op die aandelebeurs gedurende 1954, was daar 'n aansienlike afname gedurende 1955, wat hoofsaaklik tot goudmynaande beperk was. Terwyl die prysindeks van industriële aandele, op 'n gemiddelde maandelikse basis, weinig verandering van 1954 tot 1955 getoon het, het dié van aandele van produserende goudmyne afgeneem van 80 tot 74, en dié van aandele van ontwikkelende goudmyne van 172 tot 167.

Wat die omset betref, het die indekse gebaseer op die totale waarde van transaksies in verhandelbare effekte van Johannesburgse aandelermakelaars, afgeneem van 113.1 in 1954 tot 74.5 in 1955, vergeleke met 48.4 in 1953, en van die grafiek hieronder sal opgemerk word dat die neiging gedurende 1955 skerp afwaarts was.

EFFEKTEBEURS- OMSET



VASSE EIENDOMS- TRANSAKSIES



Waardeindekse (1948=100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

TRANSAKSIES IN VASTE EIENDOM

Die gemiddelde maandelikse indeks van die waarde van eiendomstransaksies het toegeneem tot 103 in 1955, vergeleke met 101 in 1954 en 92 in 1953. Die bostaande grafiek toon egter aan dat die neiging gedurende 1955 nie duidelik op- of afwaarts was nie, vergeleke met 'n effense opwaartse beweging gedurende 1953 en 1954.

BESLUIT

Insoverre die beskikbare gegewens oor die onderskeie sektore van die Unie se ekonomie dit toelaat, is 'n verskil hierbo getrek tussen die globale of gemiddelde posisie in 1955 vergeleke met dié in die voorafgaande jare, aan die een kant, en die verloop van die ontwikkelings gedurende die jaar 1955 vergeleke met dié gedurende die voorafgaande jare, aan die ander kant. Veral in die lig van die bevindings is dit belangrik dat hierdie onderskeid behou moet word in die opsomming van die gevolgtrekkings wat volg.

Geneem op 'n jaarlikse of gemiddelde maandelikse basis is dit gevind dat byna ál die waardeindekse, nl. bruto volksproduksie, bruto binnelandse kapitaalvorming, minerale produksie, bouplanne goedgekeur, goedereinvoere en -uitvoere, spoorweginkomste, diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, bankdebette, eiendomstransaksies, en, geoordeel volgens die beskikbare gegewens, ook fabrieksopbrengs en kleinhandelsverkope, tot nuwe hoogtepunte in 1955 gestyg het. Slegs aandeelbeursomset en die waarde van landbouproduksie het afnames in 1955 vergeleke met 1954 getoon. Dus is dit duidelik dat, geneem op 'n jaarlikse basis, die *monetêre* omvang van die Unie se ekonomiese bedrywigheid 'n nuwe hoogtepunt in 1955 bereik het. Die verdere toename in 1955 was deels die gevolg van 'n verdere styging in pryse, maar uit die beskikbare gegewens wil dit voorkom asof ook die *fisiese* omvang van ekonomiese bedrywigheid hoër was in 1955 as in 1954.

Om 'n duideliker prent te verkry van die posisie wat in 1955 bereik is, kan oorweging geskenk word aan die grafieke op bladsy xxiii, wat 'n beeld verskaf, ook op 'n jaarlikse basis, van sommige van die belangrikste aspekte van die Unie se ekonomiese ontwikkeling gedurende die afgelope sewe jaar, d.w.s. die tydperk waarin invoerbeheer toegepas is. Aangesien van tyd tot tyd 'n oorsig van die ontwikkelings gedurende hierdie jare gegee is, sal 'n paar kort opmerkings voldoende wees.




'n Prent van die Unie se betalingsbalans word weergegee in Grafiek A, wat vir elke jaar aantoon (1) tot watter mate invoere plus netto lopende onsigbare betalings gedek is deur uitvoere plus netto goudproduksie plus netto buitelandse kapitaaltoevloei, en (2) die gevolglike verandering in die Unie se goud- en buitelandse valuta-reserwes. In die geheel wil dit voorkom uit hierdie grafiek asof invoerbeheer taamlik suksesvol toegepas is gedurende

die tydperk onder bespreking, insoverre die veranderinge in die Unie se goud- en buitelandse valuta-reserwes relatief klein was. Netto ontvangste van buitelandse kapitaal het op 'n relatiewe lae peil beweeg, maar, aan die ander kant, het stygende uitvoere en goudproduksie 'n aansienlike vermindering van die netto lopende tekort en terselfdertyd verslapping van invoerbeheer moontlik gemaak.

Die afname in die Unie se netto lopende tekort kan duideliker gesien word op Grafiek B, wat die styging in bruto binnelandse kapitaalvorming aantoon sowel as die fondse beskikbaar vir die finansiering daarvan, nl. (1) netto ontvangste van buitelandse kapitaal en realisering van goud- en buitelandse valuta-reserwes (d.w.s. die netto lopende tekort) en (2) bruto binnelandse besparing. Die sterk styging in binnelandse besparing, wat deels die gevolg was van die uitwerking van invoerbeheer op die besteding van persoonlike inkome, het die land minder afhanklik van buitelandse fondse vir die finansiering van binnelandse kapitaalvorming gedurende hierdie tydperk gemaak.

Die styging in binnelandse kapitaalvorming kan in verband gebring word met die algemene uitbreiding van ekonomiese bedrywigheid in die Unie gedurende hierdie tydperk. Dit word weerspieël in Grafiek C wat, kortliks, die volgende aandui:

- (1) Gedurende die sewe jaar van invoerbeheer toe invoere met slegs 37 persent toegeneem het, het 'n aantal van die meer belangrike *waardeindekse*, nl. bruto volksproduksie, minerale produksie, landbouproduksie, bankdebette, spoorweginkomste, omloopsnelheid van geld, diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, en, geoordeel volgens die beskikbare gegewens, ook fabrieksproduksie, tussen die betreklike nou grense wat deur die swart band aangedui word, geskommel, en met tussen 88 en 120 persent toegeneem.
- (2) Ten gevolge van die stygende produksie-aktiwiteit, en aangehelp deur die devaluasie van die Suid-Afrikaanse pond in 1949 sowel as deur die hoër wolprys sedert 1950, het die waarde van uitvoere (uitsluitende goud maar insluitende uraan) met nie minder as 173 persent gedurende hierdie tydperk toegeneem nie.
- (3) 'n Vermeerdering in handelsbankkrediet in die vorm van diskonteringe en voorskotte, waarvan die neiging naasteby deur die onderste grens van die swart band aangetoon word, het 'n belangrike rol gespeel in die finansiering van die verhoogde produksie- en handelsbedrywigheid.
- (4) Ten spyte van die styging in bankkrediet, het die gemiddelde maandelikse hoeveelheid geld in omloop betreklik konstant gebly as gevolg van die ongunstige saldo's op die betalingsbalans en die verskuiwing vanaf onmiddellik



opeisbare na termyndeposito's by die handelsbanke. Met die styging in rentekoerse, het hierdie verskuiwing nie minder as £96 miljoen gedurende die sewe jaar beloop nie.

- (5) Terwyl die hoeveelheid geld in omloop relatief konstant gebly het, het die omloopsnelheid daarvan meer as verdubbel. M.a.w., teen 1955 het dieselfde hoeveelheid geld ongeveer tweekeer soveel werk as in 1948 verrig.
- (6) Bedrywigheid op die aandelebeurs het geneig om gedurende hierdie tydperk onder die 1948 peil te beweeg, en dit weerspieël die relatiewe skaarste aan risiko-kapitaal en die stygende produksiekoste in die goudmynbedryf.

In die geheel wil dit dus voorkom asof, ten spyte van invoerbeheer, die relatiewe lae peil van netto kapitaaltoevoel, die arbeidstekort en die anti-inflasionistiese maatreëls wat van tyd tot tyd getref is, die Unie se ekonomiese bedrywigheid, in terme van *geld* gemeet, binne die sewe jaar onder bespreking naasteby verdubbel het, wat beteken dat die gemiddelde jaarlikse koers van toename meer as 10 persent beloop het. Ongelukkig is genoegsame gegewens om die toename gedurende hierdie tydperk in *reële* terme te bepaal, nie beskikbaar nie, maar geoordeel volgens die toenames in groot- en kleinhandelspryse, sou 'n baie growwe skatting wees dat die *fisiese* omvang van ekonomiese bedrywigheid tussen 30 en 40 persent gestyg het, of teen 'n gemiddelde jaarlikse koers van tussen 4 en 5 persent, wat baie hoog en heelwat meer is as die gemiddelde jaarlikse koers van toename van ongeveer 2 persent in die Unie se totale bevolking of ongeveer 1.9 persent in sy blanke bevolking gedurende hierdie tydperk.

Indien egter die verloop van ontwikkelings op 'n maandelikse basis gedurende die jaar 1955 oorweeg word, word 'n ietwat verskillende prentjie verkry. Terwyl meeste van die waardeïndekse op 'n jaarlikse basis tot nuwe hoogtepunte in 1955 gestyg het, is dit in verskeie gevalle gevind dat die maandelikse syfers, óf dwarsdeur 1955, óf gedurende die tweede helfte van die jaar, 'n heelwat stadiger koers van toename vergeleke met dié gedurende 1954 getoon het, terwyl in die geval van die boubedryf die neiging gedurende die tweede helfte van 1955 afwaarts was.

Dit wil dus voorkom asof die koers van toename in die Unie se ekonomiese bedrywigheid, in terme van *geld* gemeet, aansienlik afgeneem het gedurende 1955, en dat, gesien die verdere opwaartse beweging in pryse wat egter konstant gebly het gedurende die laaste kwartaal van die jaar, die *fisiese* omvang

van bedrywigheid slegs 'n effense opwaartse neiging getoon het, indien dit nie relatief stabiel gebly het nie. Tot watter mate hierdie stadiger tempo van ontwikkeling gedurende 1955 onvermydelik was ná die uitsonderlike hoë koers van uitbreiding gedurende die voorafgaande jare, en tot watter mate dit die gevolg was van die netto uitvloei van private kapitaal en van die anti-inflasionistiese stappe in die vorm van kredietbeperking en rentekoersverhoging, is moeilik om vas te stel. Dit wil egter voorkom asof die verhoogde rentekoersstruktuur, insoverre dit effektief was, meer invloed op die Unie se interne ekonomie uitgeoefen het as op die beweging van buitelandse kapitaal, aangesien gedurende die laaste kwartaal van die jaar, nadat rentekoerse verhoog is, die Unie 'n verdere netto uitvloei van private kapitaal ondervind het.

Onder die omstandighede, en in die lig van die heersende geldvastheid, het die Unie-regering in Februarie 1956, toe die Britse Bankkoers met 'n verdere een persent verhoog is, besluit om nie die plaaslike Bankkoers te verhoog nie, aangesien dit gevoel is dat 'n verdere verhoging 'n nadelige uitwerking op die Unie se ekonomie mag hê. In plaas daarvan het die Regering besluit om die oorsprong na die Sterlinggebied van kapitaalfondse wat aan Unie-inwoners behoort, te beheer, en in dié verband is dit veral benadruk dat die beheermaatreëls slegs betrekking het op die uitvoer van kapitaal in besit van Unie-inwoners, en dat dit geen afwyking inhou nie van die tradisionele beleid om die repatriasie van kapitaal wat deur nie-inwoners in die Unie belê is, na die plek van oorsprong toe te laat.

Wat die betalingsbalansvooruitsigte vir 1956 betref, is die peil van die land se goud- en buitelandse valutareserwes aan die begin van die jaar, beskou tesame met die stygende goud- en uraanproduksie, as genoegsaam geag om invoere op dieselfde peil as in 1955 te handhaaf. Invoerbeheer is egter behou en enige wysiging daarvan gedurende die komende jaar sal tot 'n groot mate van die netto toevloei van kapitaal uit die buiteland afhang. Soos in die verlede, sal die beweging van buitelandse kapitaal sowel as oorsese ontwikkelings, van groot belang vir die Unie se algemene ekonomiese ontwikkeling in 1956 wees. Binnelands is die agterstand in spoorwegvervoer grootliks verminder, maar die voortdurende tekort aan arbeid bly 'n eersterangse vraagstuk.

T. W. de Jongh,

Hoof: Departement Ekonomiese Navorsing en Statistiek.